

Maandag 9 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 41:1-13; Openbaring 1	Fokusgedeelte: Openbaring 1:7
--	--------------------------------------

Jesus verskyn met almag tot verlossing en oordeel (3)

Die Here van die toekoms is ook die Here van die verlede. Hy is die Hoof van sy kerk, wat sy kerk hier seën en wat aanstons al sy weldade oor sy kerk gaan openbaar. Hy het Hom in die verlede al bewys in sy almag, en Hy gaan dit in die toekoms ook doen. Die Here het nêrens sy houvas en sy krag oor die voortgang van die geskiedenis verloor nie. Die Here is die Bron van ons voortbestaan in die tyd en in die ewigheid.

Die sewe Geeste waarvan hier sprake is, is die *Heilige Gees*. Die Heilige Gees is nie werkloos in die kerk in die laaste tye nie. Die Heilige Gees word hier geopenbaar in sy werking in die gemeente van die Here: Hy bewerk die genade en vrede wat die Vader beskik het en wat deur die Seun 'n werklikheid gemaak is in die kerk.

Dan word die *Naam van die Seun* ook bygevoeg. Daar is 'n lang beskrywing in vers 5 van Wie die Seun is, maar die doel van die hele beskrywing is om aan te toon hoe die Seun die verlossing werk in die kerk. Jesus is die Getroue Getuie. Hy het getrou die raad en Woord van God meegedeel aan die kerk. Hy het dit ook beseël met sy dood. Hy is verder die Eersgeborene uit die dood: Hy het nie in die dood gebly nie. Hy is die eerste Een wat uit die dood uit opgestaan het. Hy oefen nou heerskappy uit oor die dood, daarom word die Seun die Owerste van die konings genoem. Selfs die allerhoogstes in die hemele en op die aarde moet voor Jesus buig.

Dan word die verhouding beskryf tussen ons en die Drie-enige Here: Hy het ons konings en priesters vir God gemaak. Dit is hoe ons saam is in die erediens.

Sing: Psalm 130-2:4

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)